

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GOVERNMENT NOTICE			GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Agriculture, Forestry and Fisheries, Department of			Landbou, Bosbou en Visserye, Departement van		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 727	Marketing of Agricultural Products Act (47/1996): Establishment of statutory measure and determination of guidelines prices: Levy relating to wheat, barley and oats	4	33463	R. 727	Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (47/1996): Instelling van statutêre maatreël en bepalinge van riglynprys: Heffing betreffende koring, gars en hawer
				12	33643

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

Closing times **PRIOR TO PUBLIC HOLIDAYS** for
**GOVERNMENT NOTICES, GENERAL NOTICES,
 REGULATION NOTICES AND PROCLAMATIONS**

2010

The closing time is 15:00 sharp on the following days:

- ▶ **5 August**, Thursday, for the issue of Friday **13 August 2010**
- ▶ **16 September**, Thursday, for the issue of Thursday **23 September 2010**
- ▶ **23 September**, Thursday, for the issue of Friday **1 October 2010**
- ▶ **9 December**, Thursday, for the issue of Friday **17 December 2010**
- ▶ **15 December**, Wednesday, for the issue of Friday **24 December 2010**
- ▶ **21 December**, Tuesday, for the issue of Friday **31 December 2010**
- ▶ **30 December**, Thursday, for the issue of Friday **7 January 2011**

Late notices will be published in the subsequent issue, if under special circumstances, a late notice is accepted, a double tariff will be charged

The copy for a SEPARATE *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication

BELANGRIKE AANKONDIGING

Sluitingstye **VOOR VAKANSIEDAE** vir
**GOEWERMENTS-, ALGEMENE- & REGULASIE-
 KENNISGEWINGS ASOOK PROKLAMASIES**

2010

Die sluitingstyd is stiptelik 15:00 op die volgende dae:

- ▶ **5 Augustus**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **13 Augustus 2010**
- ▶ **16 September**, Donderdag, vir die uitgawe van Donderdag **23 September 2010**
- ▶ **23 September**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **1 Oktober 2010**
- ▶ **9 Desember**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **17 Desember 2010**
- ▶ **15 Desember**, Woensdag, vir die uitgawe van Vrydag **24 Desember 2010**
- ▶ **21 Desember**, Dinsdag, vir die uitgawe van Vrydag **31 Desember 2010**
- ▶ **30 Desember**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **7 Januarie 2011**

Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word. Indien 'n laat kennisgewing wel, onder spesiale omstandighede, aanvaar word, sal 'n dubbeltarief gehef word

Wanneer 'n APARTE *Staatskoerant* verlang word moet die kopie drie kalenderweke voor publikasie ingedien word

GOVERNMENT NOTICE
GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES
DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERIE

No. R. 727

20 August 2010

MARKETING OF AGRICULTURAL PRODUCTS ACT, 1996

(ACT No. 47 OF 1996)

ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE AND

DETERMINATION OF GUIDELINE PRICES:

LEVY RELATING TO WHEAT, BARLEY AND OATS

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under sections 13 and 15 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby-

- (a) establish the statutory measure set out in the Schedule hereto;
- (b) determine the guideline price, per metric ton, for –
 - (i) wheat as R2 457;
 - (ii) barley as R2 195 and
 - (iii) oats as R1 700.

TINA JOEMAT-PETTERSSON,
MINISTER OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES.

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and unless the context otherwise indicates-

“approved silo owner” means a silo owner approved by the Clearing House;

“Clearing House” means Safex Clearing Company (Pty) Ltd or any other body corporate or unincorporated association or department of the JSE Securities Exchange South Africa recognised by the Registrar of Financial Markets;

“barley” means the kernels of the genus *Hordeum*;

“importer” means any person who imports winter cereal from another country into the Republic of South Africa;

“oats” means the kernels of the genus *Avena*;

“producer” means a person who produces winter cereal or a person on who's behalf winter cereal is produced;

“SAFEX” means the South African Futures Exchange;

“SAFEX silo receipt” means a transfer document, utilised as symbolic delivery of the underlying product, issued by an approved silo owner in the form prescribed and on the terms set out in the SAFEX Futures Contract;

“SAGIS” means the South African Grain Information Service, an association not for gain incorporated under section 21 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);

“the Act” means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996);

“the Trust” means the Winter Cereal Trust, Registration No. IT 11410/97;

“wheat” means the kernels of the species *Triticum aestivum*; and

“winter cereal” means wheat, barley and oats.

Purpose and aims of statutory measure and the relation thereof to objectives of the Act

2. The purpose and aims of this statutory measure are to provide financial support to the winter cereal information and research functions that the winter cereal industry has identified as essential and in the interest of the industry as a whole.

The maintenance of macro industry information is deemed essential for strategic planning purposes by the winter cereal industry and directly affected groups. The supplying of generic market information to all role-players, on a continuous basis, is critical in order for the market to operate effectively.

The winter cereal industry supports the principle that generic market information be obtained by means of statutory measures in terms of the Act, and that SAGIS should be the official vehicle to achieve this. SAGIS also operates as official information service for the maize, sorghum and oilseeds industries. A statutory levy is required to ensure that the winter cereal industry also shares in the gathering and dissemination of proper market information.

Proper and accurate winter cereal market information that is provided continuously and timeously, will not only increase market access for all participants, but will also promote efficiency in the marketing of winter cereal and winter cereal products. Proper market information will furthermore enhance the viability of the winter cereal industry and the agricultural sector at large. Market information will also enhance food security, as the information on national stock levels of winter cereals will be available for the market to function properly.

The agricultural sector is expected to ensure food security, strengthen the economy and create job opportunities. This can be reconciled with the provisions of Section 2(3) of the Act. In order to achieve these aims and to further the competitive position of the winter cereal industry continued research is essential.

According to experts in the field of research, the performance of the South African agricultural sector, despite the lack of high-potential arable land, could to a great extent be attributed to the development and application of agricultural research results. The complex interaction between behavioural patterns of crops and external factors affecting them such as disease and pests, often impacts negatively on production and quality, thus creating an urgent demand for new technology in order to keep the agricultural sector profitable. Account should also be taken of consumer preferences within the market.

Specific infrastructure has been created over time in respect of research and it is essential that this infrastructure be retained and maintained to the benefit of the winter cereal industry.

For the optimisation of export earnings it is essential that South African products conform to international quality standards. Researchers and breeders must ensure that locally produced winter cereal is fully competitive on the international markets.

A portion of the funds collected by means of this levy will be focussed on small-scale farmers and the developing winter cereal industry.

An increase in research applications have been experienced by the Winter Cereal Trust over the past years, which could not be accommodated within the available funds of the Trust. An increase of the available funds is therefore required to partly compensate for the diminished funds available for research and also to make provision for new research projects to be funded. However, the calculation of a continued levy and the budget of the Winter Cereal Trust are dependent on Government continuing to fund its proportion of winter cereal research.

An increase in the levy over the next four years is needed to allow for inflation and for the funds to remain on par with the industry's requirements. An average levy amount over the next four year period, however, will imply a significant increase in the levy amount, whereas an increasing levy per year alleviates the initial increase to some extent. It is therefore preferable to have different, but fixed levy amounts published in respect of each year rather than to publish an average levy or a percentage with which such an average levy is to increase annually.

The leviable tonnage of winter cereal is expected to increase annually over the next four years.

Product to which statutory measure applies

3. This statutory measure shall apply to winter cereal.

Area in which statutory measure applies

4. This statutory measure shall apply within the geographical area of the Republic of South Africa.

Imposition of levy

5. A levy is hereby imposed on all on all winter cereal -
 - (a) sold by or on behalf of the producer thereof;
 - (b) imported into the Republic of South Africa;
 - (c) processed or converted or caused to be processed or converted into a winter cereal product, by or on behalf of the producer thereof, if the winter cereal product is intended to be disposed of;
 - (d) exported from the Republic of South Africa if the levy in respect of such winter cereal has not been paid in terms of paragraph (a), (b) or (e); and
 - (e) in respect of which a SAFEX silo receipt has been issued if the levy in respect of such winter cereal has not been paid in terms of paragraph (a) or (b).

Amount of levy

6. The amounts of the levies (excluding VAT) will be as follows:

Wheat	1/10/2010 to 30/9/2011	R14-00 per metric ton
	1/10/2011 to 30/9/2012	R15-00 per metric ton
	1/10/2012 to 30/9/2013	R16-00 per metric ton
	1/10/2013 to 30/9/2014	R17-00 per metric ton
Barley	1/10/2010 to 30/9/2011	R13-00 per metric ton
	1/10/2011 to 30/9/2012	R14-00 per metric ton
	1/10/2012 to 30/9/2013	R15-00 per metric ton
	1/10/2013 to 30/9/2014	R16-00 per metric ton
Oats	1/10/2010 to 30/9/2011	R10-00 per metric ton
	1/10/2011 to 30/9/2012	R11-00 per metric ton
	1/10/2012 to 30/9/2013	R12-00 per metric ton
	1/10/2013 to 30/9/2014	R13-00 per metric ton

Persons by whom levy is payable

7. (1) The levy payable in terms of clause 5 shall be payable—

- (a) in the case of a levy contemplated in clause 5(a), be payable by the buyer of the winter cereal;
- (b) in the case of a levy contemplated in clause 5(b), be payable by:
 - (i) the buyer of the winter cereal where the winter cereal is sold by the importer; and
 - (ii) the importer of the winter cereal where the importer is also the processor thereof;
- (c) in the case of a levy contemplated in clause 5(c), be payable by the processor or converter of the winter cereal; [and]
- (d) in the case of a levy contemplated in clause 5(d), be payable by the exporter of winter cereal; and
- (e) in the case of a levy contemplated in clause 5(e), be payable by the person issuing such SAFEX silo receipt.

- (2) The amount of the levy payable by the buyer in terms of subclause (1)(a) and (b)(i) may be deducted from the purchase price payable to the producer or the importer, respectively.
- (3) The amount of the levy payable by the person issuing the SAFEX silo receipt in terms of sub-clause 1(e) may be recovered from the person to whom such SAFEX silo receipt is issued.

Payment of levy

- 8.(1) Payment of a levy imposed in terms of clause 5 shall be made by the persons contemplated in clause 7, not later than the last day of the month following in which the winter cereal was purchased, processed, converted, exported or for which a SAFEX silo receipt was issued.
- (2) Payment shall be made in favour of the Winter Cereal Trust.
- (3) Payment shall –
 - (a) when forwarded by post, be addressed to
The Administrator
Winter Cereal Trust
P.O. Box 7088
CENTURION
0046
 - (b) when delivered by hand, be delivered to -
The Administrator
Winter Cereal Trust
Embankment Park
194 Kwikkie Crescent
CENTURION

Administration of statutory measure

9. The statutory measure shall be administered by the Winter Cereal Trust. Approximately 70% of levy income will be spent on core activities (research and information functions), not more than 10% on administration and 20% on

transformation (development of emerging farmers). The levies shall be accounted for, in a manner and to the extent acceptable to the Auditor-General, separately from any other funds or assets under the control of the Winter Cereal Trust. Annual audited financial statements will be submitted to the National Agricultural Marketing Council and the Auditor-General, with the percentage allocated towards transformation clearly indicated and accompanied by a report stating how the objectives of the levy have been met. Any deficit at the date of termination of this statutory measure shall be for the account of the Winter Cereal Trust. The Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries shall decide on the application of any surplus levies at the date of termination of the statutory measure.

Commencement and period of validity

10. (1) This statutory measure shall come into operation on 1 October 2010 and shall lapse on 30 September 2014.
- (2) Notwithstanding the provisions of sub-clause (1), the Minister may, after evaluation and review of the measure under section 9(1)(f) of the Act, by notice in the Government Gazette determine that the measure shall lapse on a date specified in that notice: Provided that such date shall not be later than the date determined under sub-clause (1).

No. R. 727

20 Augustus 2010

WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996

(WET No. 47 VAN 1996)

INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL EN BEPALINGS VAN RIGLYNPRYS:**HEFFING BETREFFENDE KORING, GARS EN HAWER**

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 13 en 15 van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996)-

- (a) stel hiermee die statutêre maatreël in die Bylae uiteengesit, in;
- (b) bepaal hierby die riglynprys per metrieke ton, vir –
 - (i) koring as R2 457;
 - (ii) gars as R2 195; en
 - (iii) hawer as R1 700.

TINA JOEMAT-PETTERSSON,**MINISTER VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE.**

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

“die Trust” die Wintergraantrust, Registrasie No. IT 11410/97;

“die Wet” die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996);

“gars” korrels van die genus *Hordeum*;

“goedgekeurde silo-eienaar” 'n silo-eienaar wat deur die Klaringshuise goedgekeur is;

“hawer” korrels van die genus *Avena*;

“invoerder” enige persoon wat wintergraan uit 'n ander land in die Republiek van Suid-Afrika invoer;

“Klaringshuis” die Safex Clearing Company (Pty) Ltd of enige ander regspersoon of nie-ingelyfde organisasie of departement van die JSE Securities Exchange South Africa wat erken word deur die Registrateur van Finansiële Markte;

“koring” die korrels van die spesie *Triticum aestivum*;

“produsent” 'n persoon wat wintergraan produseer of 'n persoon in wie se belang wintergraan geproduseer word;

“SAFEX” die South African Futures Exchange;

“SAFEX silo-ontvangsbewys” ‘n oordraagbare dokument wat gebruik word as simboliese lewering van die betrokke produk en uitgereik is deur ‘n goedgekeurde silo-eienaar in die voorgeskrewe vorm en op die voorwaardes uiteengesit in die SAFEX Futures Contract;

“SAGIS” die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens, ‘n besigheid sonder winsoogmerk ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973); en

“wintergraan” koring, gars en hawer.

Doel en oogmerke van statutêre maatreël en die verband daarvan met die doelstellings van die Wet

2. Die oogmerke en doelwitte van hierdie statutêre maatreël is om finansiële ondersteuning aan die wintergraan navorsing-, inligtings- en ontwikkelings-funksies te verleen wat deur die wintergraanbedryf as noodsaaklik en in belang van die bedryf as geheel geïdentifiseer is.

Die instandhouding van makro bedryfsinligting word deur die wintergraanbedryf en deur direk geaffekteerde partye as noodsaaklik geag vir strategiese beplanningsdoeleindes. Die verskaffing van generiese markinligting op ‘n deurlopende basis aan alle rolspelers is krities om die mark doeltreffend te laat opereer.

Die wintergraanbedryf ondersteun die beginsel dat generiese markinligting deur middel van statutêre maatreëls in terme van die Wet verkry moet word, en dat SAGIS die amptelike voertuig is om dit te bereik. SAGIS is ook die amptelike inligtingsdiens vir die mielie-, sorghum- en oliesadebedrywe. ‘n Statutêre heffing word vereis om te verseker dat die wintergraanbedryf ook deel in die versameling en verspreiding van inligting. Behoorlike en akkurate wintergraanmarkinligting wat deurlopend en tydig beskikbaar is, sal nie slegs

marktoegang vir alle markdeelnemers verbeter nie, maar behoort ook die doeltreffendheid van die bemarking van wintergraan en wintergraanprodukte te bevorder. Voorts sal behoorlike markinligting die lewensvatbaarheid van die wintergraanbedryf en die landbousektor in die breë bevorder. Markinligting sal ook voedselsekerheid bevorder deurdat die mark beter kan funksioneer aangesien inligting oor nasionale voorraadvlakke van wintergraan beskikbaar is.

Dit word van die landbousektor verwag om voedselsekureit te verseker, die ekonomie te versterk en werkseleenthede te skep. Hierdie doelwitte is in ooreenstemming met die bepalings van artikel 2(3) van die Wet. Om hierdie doelwitte te bereik en die wintergraanbedryf se mededingende posisie te bevorder, is volgehoue navorsing noodsaaklik.

Volgens navorsers hou die prestasies van die Suid-Afrikaanse landbousektor verband met die ontwikkeling en toepassing van landbounavorsingsresultate. Die komplekse interaksie tussen die veranderde gedragpatrone van oeste en eksterne faktore wat dit beïnvloed, soos plaë en siektes, raak produksie en kwaliteit nadelig en skep 'n dringende behoefte aan nuwe tegnologie om die landbousektor winsgewind te hou. Verbruikersvoorkeure moet ook deurlopend in gedagte gehou word. Verder is spesifieke infrastruktuur met betrekking tot navorsing oor tyd gevestig en dit is noodsaaklik dat hierdie infrastruktuur behoue bly en in stand gehou word.

Om die opbrengs uit uitvoere te optimaliseer, is dit noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse produkte voldoen aan internasionale kwaliteitstandaarde. Navorsers en telers sal moet toesien dat plaaslik geproduseerde wintergraan mededingend is op internasionale markte.

'n Deel van die fondse ingevorder by wyse van die heffing sal toegespits word op kleinskaalse boere en die ontwikkelende wintergraanbedryf.

Oor die afgelope aantal jare het die Wintergraantrust 'n toename in aansoeke vir die befondsing van navorsing ondervind, wat nie binne die Trust se beskikbare

fondse geakkommodeer kon word nie. Derhalwe is meer fondse nodig om ten minste gedeeltelik die tekort aan fondse vir navorsing goed te maak en ook om vir die befondsing van nuwe navorsingsprojekte te voorsien. Die berekening van 'n voortgesette heffing en die begroting van die Wintergraantrust is egter afhanklik van die Staat se voortgesette proporsionele bydrae tot wintergraan-navorsing.

'n Verhoging in die heffing oor die volgende vier jaar is dus nodig om vir inflasie voorsiening te maak en toe te sien dat die beskikbare fondse tred hou met die bedryf se behoeftes. 'n Gemiddelde heffingbedrag oor die volgende tydperk van vier jaar sal egter 'n aansienlike verhoging in die heffing teweegbring, terwyl 'n heffing wat jaarliks verhoog so 'n aanvanklike verhoging tot 'n mate sal versag. Gevolglik is dit verkieslik om verskillende, maar vaste, heffingbedrae vir elke jaar te publiseer eerder as 'n gemiddelde bedrag vir die vier jaar of 'n persentasie waarmee die heffing jaarliks sal verhoog.

Dit word geraam dat die hefbare tonnemaat van wintergraan jaarliks oor die volgende vier jaar sal verhoog.

Produkt waarop statutêre maatreël van toepassing is

3. Hierdie statutêre maatreël is op wintergraan van toepassing.

Gebied waarin statutêre maatreël van toepassing is

4. Hierdie statutêre maatreël is op die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing.

Oplegging van heffing

5. 'n Heffing word hiermee opgelê op alle wintergraan -
- a) wat deur of namens die produsent daarvan verkoop word;
 - b) wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer word;
 - c) wat verwerk of omskep word of laat verwerk of omskep word in 'n wintergraanprodukt, deur of ten behoeve van die produsent daarvan, indien die wintergraanprodukt bestem is om van die hand gesit te word;
 - d) wat uit die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word indien die heffing ten opsigte van sodanige wintergraan nog nie ingevolge paragraaf (a), (b) of (e) betaal is nie, en
 - e) ten opsigte waarvan 'n SAFEX silo-ontvangsbewys uitgereik word indien die heffing ten opsigte van sodanige wintergraan nog nie ingevolge paragraaf (a) of (b) betaal is nie.

Bedrag van die heffing

6. Die bedrae van die heffings (BTW uitgesluit) is soos volg:

Koring	1/10/2010 tot 30/9/2011	R14-00 per metrieke ton
	1/10/2011 tot 30/9/2012	R15-00 per metrieke ton
	1/10/2012 tot 30/9/2013	R16-00 per metrieke ton
	1/10/2013 tot 30/9/2014	R17-00 per metrieke ton
Gars	1/10/2010 tot 30/9/2011	R13-00 per metrieke ton
	1/10/2011 tot 30/9/2012	R14-00 per metrieke ton
	1/10/2012 tot 30/9/2013	R15-00 per metrieke ton
	1/10/2013 tot 30/9/2014	R16-00 per metrieke ton
Hawer	1/10/2010 tot 30/9/2011	R10-00 per metrieke ton
	1/10/2011 tot 30/9/2012	R11-00 per metrieke ton
	1/10/2012 tot 30/9/2013	R12-00 per metrieke ton
	1/10/2013 tot 30/9/2014	R13-00 per metrieke ton

Persone deur wie heffing betaalbaar is

7. (1) Die heffing wat in terme van klousule 5 opgelê is, sal betaalbaar wees deur –
- (a) in die geval van 'n heffing in klousule 5(a) bedoel, deur die koper van die wintergraan;
 - (b) in die geval van 'n heffing in klousule 5(b) bedoel:
 - (i) deur die koper van die wintergraan waar die wintergraan deur die invoerder verkoop word; en
 - (ii) deur die invoerder van die wintergraan waar die invoerder ook die verwerker daarvan is.
 - (c) in die geval van 'n heffing in klousule 5(c) bedoel, deur die verwerker of omskepper van die wintergraan;
 - (d) in die geval van 'n heffing in klousule 5(d) bedoel, deur die uitvoerder van die wintergraan; en
 - (e) in die geval van 'n heffing in klousule 5(e) bedoel, deur die persoon wat sodanige SAFEX silo-ontvangsbewys uitreik.
- (2) Die bedrag van die heffing wat in terme van subklousule (1)(a) en (b)(i) deur die koper betaalbaar is, kan van die koopprys wat aan die produsent of die invoerder betaalbaar is, afgetrek word.
- (3) Die bedrag van die heffing wat in terme van subklousule (1)(e) deur die uitreiker van die SAFEX silo-ontvangsbewys betaalbaar is, kan van die persoon aan wie sodanige SAFEX silo-ontvangsbewys uitgereik word, verhaal word.

Persone aan wie die heffing betaalbaar is

8. (1) Die betaling van 'n heffing opgelê in terme van klousule 5 sal gemaak word deur die persone bedoel in klousule 7, nie later nie as die laaste dag van die maand volgende op die maand waarin die wintergraan aangekoop, omgesit, verwerk, uitgevoer of waarvoor 'n SAFEX silo-ontvangsbewys uitgereik is.
- (2) Betaling moet ten gunste van Wintergraantrust uitgemaak word.
 - (3) Betaling moet –

- (a) wanneer per pos gestuur, geadresseer wees aan –
Die Administrateur
Wintergraantrust
Posbus 7088
CENTURION
0046
- (b) wanneer per hand afgelewer, afgelewer word by –
Die Administrateur
Wintergraantrust
Embankment Park
Kwikkiesingel 194
CENTURION

Administrasie van statutêre maatreël

9. Hierdie statutêre maatreël sal deur die Wintergraantrust geadministreer word. Ongeveer 70% van heffings inkomste sal op primêre funksies (navorsing en inligting), nie meer as 10% op administrasie en 20% op transformasie (ontwikkeling van opkomende boere) spandeer word. Heffings sal bestuur word op 'n manier aanvaarbaar vir die Ouditeur Generaal, apart van enige ander fondse of bates beheer deur die Wintergraantrust. Jaarlikse geouditeerde finansiële state sal aan die Nasionale Landboubemarkingsraad en Ouditeur Generaal gestuur word, met die bedrae toegewys aan transformasie duidelik uitgewys en gestaaf deur 'n verslag wat aandui hoe die doelwitte van die heffing behaal is. Enige tekort op die vervaldatum van hierdie statutêre maatreël sal vir die rekening van die Wintergraantrust wees. Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye sal oor die aanwending van enige surplus heffingsfondse, op die vervaldatum van die statutêre maatreël, besluit.

Inwerkingtreding en tydperk van geldigheid

10. (1) Hierdie statutêre maatreël tree op 1 Oktober 2010 in werking en verval op 30 September 2014.

- (2) Nieteenstaande die bepalings van subklousule (1) kan die Minister, na 'n evaluasie en hersiening van die maatreël kragtens artikel 9 (1)(f) van die Wet, by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal dat die maatreël op 'n datum in daardie kennisgewing uiteengesit, verval; Met dien verstande dat sodanige datum nie later mag wees as die datum kragtens subklousule (1) bepaal nie.
-

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531